higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIëLE BESTUUR: BOERDERY N6

27 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 1.1.1
- Doelwitte moet duidelik gedefinieer wees.
- Doelwitte moet gedokumenteer wees.
- Doelwitte verander.
- Doelwitte is nie beperkings nie.

(Enige relevante antwoorde 3 × 1) (3)

1.1.2
- Produksietegniek
- Meganiese en bou-aanleg
- Bemarkingsbestuur
- Menslikehulpbronbestuur
- Finansiële bestuur
- Analitiese vaardighede
- Fisiese en emosionele uithouvermoë
- Vermoë om te besluit en op te tree

(Enige relevante antwoorde 4 × 1) (4)

1.1.3
- Keuse van gewas
- Produksiestelsel
- Tegniese vermoë
- Grootte van produksie
- Insetprys
- Uitsetprys (Enige relevante antwoorde 2 × 1) (2)

1.1.4
- Saadkultivars
- Plandigtheid
- Plaag- en onkruidbeheer
- Verbouingspraktyke (Enige relevante antwoorde 2 × 1) (2)

1.5.1 Ekonomiese veranderinge✓
- Veranderinge in aanbod en vraag van plaasprodukte en hulpbronne het 'n invloed op produk- en insetpryse.✓

Tegnologiese veranderinge✓
- Dit is die boere se verantwoordelikheid om kennis te neem van onlangse ontwikkelings en, indien nodig, die nodige aanpassings te maak.✓

Politieke en maatskaplike/sosiale veranderinge ✓
- 'n Land se maatskaplike en politieke gebeure het 'n invloed op landbou, en die boer wat hierdie aspekte beter kan ontleed, kan probleme vermy en selfs voordeel daaruit trek.✓

(Enige relevante antwoorde 2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Risiko
- Projeksies (vooruitskattings) word gegrond op voldoende inligting en wetenskaplike veronderstellings.

Onsekerheid
- Projeksies word op onvoldoende inligting gegrond. (4)

1.1.7
- Menslike aspek✓ – Verandering in werknemers se doelwitte en gedrag kan koste en wins beïnvloed.✓
- Meganiese aspek ✓ – Faling tydens kritieke oomblikke kan opbrengs verminder.✓
- Onvoorsiene kwessies✓ – Skade kan enige tyd voorkom (brand, wind, droogte, oorstromings, ens).✓ (3 × 2) (6)

1.2 1.2.1
- Inkomste versus groei
- Veiligheid
- Risiko en opbrengs
- Tydsberekening
- Diversifisering
- Beleggingstydperk
- Likiditeit
- Belasting
- Bestuursvaardighede
- Bedrag van belegging
- Verskansing teen inflasie (Enige relevante antwoorde 6 × 1) (6)

1.2.2
- Spaarplan
- Gewone aandele
- Voorkeuraandele
- Effektetrust
- Vasterentedraende effekte
- Handel in buitelandse valuta ('forex')

(Enige relevante antwoorde 6 × 1) (6)

1.2.3 Ja,✓ soos hulle sê, 'moenie al jou eiers in een mandjie sit nie'✓✓
Gee volpunte vir enige tersaaklike verduideliking (3)

1.3 1.3.1 BTW betaalbaar = uitsetbelasting – insetbelasting

1.3.2 BTW terugbetaalbaar = insetbelasting – uitsetbelasting
(2 × 2) (4)

1.4
- Vorder alle nasionale belastings, aksyns en heffings in en administreer dit
- Waak teen onwettige invoere en uitvoere
- Fasiliteer handel
- Adviseer die minister van finansies (Enige relevante antwoorde 3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 2

2.1	2.1.1	Bruto produksiewaarde	R		
		900✓ kuikens × R60✓	54 000	✓	
		Totale BPW	54 000	✓	
		Uitgawes			
		1000 dagoudkuikens	6 900	✓	
		50 sakke saagsels	1 500	✓	
		15 sakke aanvangsvoer	4 000	✓	
		40 sakke groeivoer	9 000	✓	
		Inenting	1 000	✓	
		Totale uitgawes	22 400	✓	
		Bruto marge	31 600	✓✓	(12)

2.1.2
- Saad
- Misstof
- Onkruiddoders
- Plaagdoders
- Brandstof gebruik in verbouing
- Brandstof gebruik om groente te vervoer
- Oesversekering (7)

2.1.3
- Ander vervoerkoste
- Elektrisiteitskoste
- Herstelwerk
- Bestuursalaris
- Permanente arbeiders (5)

2.1.4 Om die relatiewe winsgewendheid van individuele takke op die plaas te bepaal (2)

2.2 2.2.1
- Mannekragdoeltreffendheid
- Doeltreffendheid van toerusting
- Doeltreffendheid van gewasverbouing
- Doeltreffendheid van veeproduksie (4)

2.2.2
- Melkopbrengs
- Kalfpersentasie
- Speenpersentasie
- Gemiddelde speenmassa
- Voerarea/oppervlak per diereenheid
- Veldweiveld per diereenheid
- Aantal diere per hektaar
- BWP per R100 voerkoste (Enige relevante antwoorde 6 × 1) (6)

2.3
- Bruto produksiewaarde
- Kapitaal aangewend
- Oppervlak van plaas
- Aantal veer (4)

2.4 2.4.1
= Werkerbesoldiging/ha bewerk✓
= 40 000/500✓✓
= R80,00/ha✓✓

OF

= BPW/Werkersbesoldiging × 100✓
= 900 000/40 000 × 100✓✓
= R2 250 BPW per R100 arbeidskoste✓✓ (5)

2.4.2
= Veranderlike koste/Hektaar bewerk✓
= 50 000 + 80 000/500✓✓

= R260/ha✓✓ (5)
[50]

VRAAG 3

3.1
- Deur gesamentlike boerdery te beoefen
- Huur/bruikhuur
- Koop (3)

3.2
- Die eienaar neem alleen besluite.
- Die junior vennoot leer min vanuit 'n bestuursoogpunt. (2 × 2) (4)

3.3
3.3.1 A
3.3.2 B
3.3.3 C
3.3.4 D
3.3.5 E
(5 × 1) (5)

3.4 Vaste kontanthuur ✓
- Die huurder betaal aan die verhuurder 'n vaste bedrag kontant per eenheid oppervlak wat hy/sy huur.✓✓

Deelsaaiery-huurooreenkoms✓
- Sowel die huurder as die verhuurder deel in die uitsette en insette van die produksie van 'n bepaalde gewas.✓✓

Veedeling-huurooreenkoms✓
- Die verhuurder voorsien die grond en vaste verbeterings; die huurder verskaf arbeid en ander toerusting en albei partye voorsien die vee.✓✓

Fluktuerende kontanthuur✓
- Die fluktuerende kontanthuur is in wese 'n kombinasie van 'n vaste kontanthuur en 'n deelooreenkoms.✓
- Die doel is om enkele kenmerke van die 'n vaste kontanthuur te behou, maar terselfdertyd aan die verhuurder die geleentheid te bied om in die prys- en opbrengsgeleenthede asook die risiko te deel.✓ (12)

3.5
- 'n Groot nadeel daarvan om grond te besit, in teenstelling met om dit te huur, is dat die grondeienaar maklik oormatige krediet kan verkry, omdat die grond 'n aantreklike vorm van sekuriteit vir lenings is en die grondeienaar dan later kan sukkel om die skuld terug te betaal.✓✓
- Grondbesit/eienaarskap het groter prestigewaarde en verskaf groter bevrediging om verbeterings op jou eie aan te bring, eerder as aan iemand anders se eiendom.✓✓
- Grondbesit skep geleenthede vir bykomstige wins, voortspruitend uit appresiasie (verhoging) in grondwaarde.✓✓
- Grondbesit lei tot minder buigsaamheid in boerdery as wanneer jy grond huur.✓✓
- Grondbesit vereis aansienlike kapitaalbelegging.✓
- 'n Groot nadeel daarvan om grond te huur is die onsekerheid wat dikwels met huurooreenkomste gepaardgaan.✓✓
- Vanuit 'n maatskaplike perspektief beskou, kan daar ook nadele daaraan verbonde wees om op gehuurde grond te bly.✓✓ (13)

3.6
- Bepaal 'n regverdige manier om die oes te deel, op grond van individuele bydraes.
- Bereik ooreenstemming oor voorsiening vir die koste met betrekking tot masjinerie, ens.
- Dit kan meer uitdagend wees om ooreenstemming te bereik oor wie die finale seggenskap oor verbouingsprogramme het.
- Bepaal die prys vir die huurder se gebruik van plaashuis en ander geboue.

(4 × 2) (8)

3.7
- Tipe vee wat aangehou gaan word
- Omvang van verskillende veetakke
- Aankoop/produksie van voer
- Teling of aankope vir tropuitbreiding
- Bemarking (5)

[50]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Depresiasie = koopprys – herwinningswaarde/10
= 950 000 – 95 000/10
= R85 500 per jaar✓

Rente = koopprys + herwinningswaarde/2 × 0,15
= 1 045 000/2 × 0,2
= R104 500✓

Versekering = R40 000 per jaar✓

Totale vaste koste = 230 000✓✓ (5)

4.1.2 Herstel en instandhouding R55/uur = R66 000✓
Diesel R30/uur = R36 000✓
Arbeid R12/uur = R14 400✓
= R116 400✓✓ (5)

4.1.3 = Vaste koste + Veranderlike koste✓
= R230 000 + R116 400
= R346 400✓✓ (3)

4.1.4 = Vaste koste/uur + Veranderlike koste/uur✓
= R191,67 + R97✓
= R288,67/uur✓ (3)

4.2
- Doeltreffendheid van arbeid kan verhoog word.
- Korrekte plasing van geboue kan meer akkuraat beplan word.
- Bedrywighede kan verbeter word.
- Instandhoudings- en ander koste kan verminder word.
- Algemene plaasvoorkoms kan verbeter word. (5 × 2) (10)

4.3
- Verlaag kapitaalbelegging in geboue.
- Verminder vaste koste en verhoog wins.
- Effektiewe gebruik van arbeid. (3 × 2) (6)

4.4
- Tyd kan elders spandeer word om wins te verhoog.
- Bou/konstruksievaardighede word benodig.
- Selfkonstruksie kan langer neem. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

4.5 Voordele:

- Bied ruimte om gevorderde tegnologie te toets en inkorporeer.
- Normale plaasbedrywighede kan nie versteur word nie.
- Leningskapitaal kan vermy word.

Nadele:

- Kan tot laer gehalte en winste lei.
- Boukoste kan aanhoudend styg.
- Plaas bestuur 'n lang tyd onder druk.

(6 × 2) (12)
[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou